



Pinkstersiklus: 1 Korintiërs 12-14

Vurige volgelinge!

Inleiding: Oorvereenvoudig is daar twee uiteenlopende standpunte oor die HG:

1. Drom vol petrol en as jy vuurhoutjie ingooi ontplof dit skouspelagtig.
2. Tenk vol petrol in 'n kar. Jy kan 'n hele paar kilometer met die petrol ry.

Lees Handeling 2:1-11 en ook 1 Kor 12-14

Pinkster beteken 50ste en Pinkster is altyd deur die Jode gevier 50 dae na die Pasga. Vandag vier ons Pinkster 50 dae na Paasfees en 10 dae na Hemelvaart.

Wat duidelik is uit die teks is dat die uitstorting van die Heilige Gees sigbaar en hoorbaar was. Die Heilige Gees wys!!

Ons kry drie uiterlike tekens wat vertel van die uitstorting:

1.1 Ons lees van die geluid van 'n sterk stormwind en die woord vir wind en vir Gees is in die oorspronklike Grieks dieselfde woord.

1.2 Die tweede uiterlike teken van die uitstorting van die Heilige Gees is die van vuur tonge.

1.3 Die derde uiterlik teken is die van die spreek in tale wat ons nie moet verwar met die gawe waarvan in 1 Kor vertel word nie. Die taal gawe van 1 Kor is 'n taal wat nie verstaan kon word nie, en wat saam gaan met die gawe van uitleg. Die Griekse woord wat gewoonlik hier gebruik word is die

woord "glossolalie" waar daar nie sprake is van kommunikasie tussen mense nie, maar van kommunikasie tussen mens en God.

Die taal gawe hier op Pinksterdag is juis 'n taal, of dan tale, wat deur van die mense daar teenwoordig verstaan kon word. Die Griekse woord is "dialektos" waar daar dan verwys word na kommunikasie tussen mens en mens.

Volgens Handeling 2 sien ons dus dat die tema van Pinkster dag in wese gaan oor kommunikasie. Kommunikasie waarvan? Van die grenslose liefde van God, of soos Handeling 2:11 sê "...van die groot daade van God".

Ons sien hier dat die gawe van die spreek in tale juis was sodat alle mense duidelik kon hoor en kon verstaan dat die Here almal lief het. Ons sou selfs kon sê die Heilige Gees is God se tolk. Sy werk is om God se liefde te vertolk, en te vertaal, aan die hele wêreld, tot aan die uithoeke van die wêreld sodat almal sal verstaan dat God hulle lief het.

- Definisie van 'n vertaler: 'n Vertaler is iemand wat die betekenis van die oorspronklike teks (taal), ook die bron teks genoem, so te vertaal, weer te gee, oor te dra, in 'n ander taal (ook genoem die "target language") dat dieselfde betekenis behoue bly.

- Die definisie van 'n tolk is presies dieselfde as bogenoemde met die groot verskil dat 'n tolk nie met 'n teks werk nie, maar met gesproke taal. En tolke werk altyd in "real time".

Vuur:

Baie metafore om God, en veral die werk van die HG te verduidelik. In Handeling gelees van die tonge van vuur. Vuur is natuurlik vir ons as Suid-Afrikaners nie iets nuuts nie en eintlik bou ons amper ons kultuur rondom vuur. Ons beplan ons huise rondom ons braaiplek en kaggel.



Dink maar aan liedere soos: "Manne dis 'n voorreg, om 'n hardekool te deel".

Spreekwoorde soos:

- Krap nie in 'n ander man se vuur nie.
- Moenie met vuur speel nie...
- Hy/sy is vurig
- Vuurrooi van skaamte ens.

Bybel:

1. Moses by die brandende bos. Hy loop elke dag daar verby en dan eendag dan sien hy die bos brand.

Mens kan geweldig baie oor vuur sê maar een ding kan jy nie sê nie – jy kan eenvoudig nie vuur vermy of miskyk nie.

2. Vuurkolom: Toe Moses die volk uit Egipte lei stuur God 'n wolkkolom om hulle deur die dag te begelei en rigting te wys, en snags 'n vuurkolom om hulle

te lei op die regte pad, maar ook as beskerming.

3. Elia en die Baälpriesters toe hulle die altare natmaak en God kom vernietig die offers.

Vuur het dus hierdie 3 groot betekenis:

- Jy kan dit nie vermy nie. Dit is altyd sigbaar.
- Beskerming en rigting aanwysend.
- As dit onder beheer is, kan dit lei tot skoonmaak en vernuwe (vergifnis), maar as dit buite beheer raak kan dit seermaak.



Grootste toetssteen van die HG vind ons in 1 Kor. 12:31: "Lê julle toe op die beste genadegawe". 1 Kor. 14:1: "Nou wys ek julle wat die allerbeste is" - **LIEFDE!**

Vrae:

1. Gesels saam oor wat julle eerste reaksie sou wees as iemand vir julle sou vra wat glo jy oor die Heilige Gees?
2. Deel met mekaar gedagtes oor wat vir jou vreemd is of onverstaanbaar is van die Heilige Gees.
3. Deel met mekaar geleenthede waar jy al gekonfronteer is oor wat jy oor die Heilige Gees glo?
4. Was daar iets in die preek wat jou gehelp of ontstel het t.o.v. jou verstaan van die Heilige Gees?
5. Bid vir mekaar sodat ons kan groei in liefde onder leiding van die Heilige Gees en sodoende vurige volgelingen van God kan wees.